NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
AANVULLINGSEKSAMEN MAART 2017

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   Afdeling A – Letterkunde (60 punte)
   Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (40 punte)

3. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.

6. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.

IEB Copyright © 2017

AFDELING A LETTERKUNDE

INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.

2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

BEPLANNING (*Vir paragrawe en langer skryfstukke*)

1. Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel/paragraaf of langer skryfstukke** te beplan voordat jy dit neerskryf.

   (a) Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan.

   (b) *Jou beplanning in hierdie afdeling word **nié bepunt nie** – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.*

2. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag.

3. Skryf die getal woorde aan die einde van elke langer vraag neer.

   VOORBEELD:

BEPLANNING (linkerkantse bladsy) (Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie.)	**VRAAG 1** (regterkantse bladsy) (bv. 205 woorde)

IEB Copyright © 2017



HOOPVOL – *Derick van der Walt*

Daar is vier vrae oor **HOOPVOL**. Beantwoord al vier hierdie vrae.

VRAAG 1

Lees die onderstaande uittreksels oor Nathalie se lewe in Hoopvol en voer dan die opdrag uit.

[Bron: Tafelberg Uitgewers. 2012]

> Nathalie kyk verveeld na die skildery van proteas in 'n bruin vaas teen die hotel se sitkamermuur. Dit gaan weer 'n lang middag wees. Sy weet sommer.
>
> "Braniwalia. Twee opmekaar."
>
> Tannie Lettie hou die leë glas na Nathalie uit sonder om haar oë van die dokument voor haar op die tafel te haal.

[bl. 9]

Beantwoord die volgende vrae puntsgewys:

1.1 Wat was die naam van die hotel waar Nathalie gewerk het? (1)

1.2 Noem twee van die take wat Nathalie by die hotel gedoen het. (2)

1.3 Nathalie het vir 'n ruk vir die burgemeester gewerk. Waarom moes sy vir 'n ruk daar gaan werk het? (1)

> Toe Sakkie haar daardie middag kom oplaai, stop Gielie met sy pa se Cressida agter die Renault. Die outjie van Noupoort is by, sien Nathalie verbaas. Hy sit agter tussen Fiona en Liefie. Hy lyk nie baie op sy gemak nie. Sy kan sien Fiona en Liefie praat sy ore van sy kop af.
>
> Nathalie is skielik spyt sy ry saam met Sakkie, hoekom weet sy nie. Sy's nie regtig lus vir die simpel praatjies in die Cressida en die bottel wat sy weet in die ry omgestuur gaan word nie.

[bl. 73]

1.4 Hoopvol was 'n klein dorpie met min dinge vir jongmense om hulself mee besig te hou.

Waarmee het die jongmense van die dorp hulself in hul vrye tyd besig gehou? Noem twee dinge. (2)

1.5 Waarom het die jongmense van Hoopvol graag na die buurdorp toe gegaan? (1)

1.6 Noem een negatiewe aspek van 'n klein dorpie wat Nathalie en haar vriende ervaar het. (1)

1.7 Nathalie het ook die positiewe aspekte van die dorp raakgesien. Noem twee aspekte. (2)

1.8 Sakkie het op verskeie maniere probeer om vir Nathalie te wys dat hy lief is vir haar. Noem drie maniere. (3)

1.9 Noem twee redes waarom Sakkie se pogings nie geslaag het nie. (2)

[15]

IEB Copyright © 2017

VRAAG 2

2.1 Talle vroue het Nathalie se lewe beïnvloed. Hierdie verhoudings was soms positief, maar soms ook negatief.

Gebruik die diagram en skryf 'n **paragraaf** van tussen 80–120 woorde oor:

"*Die vroue in Hoopvol en hulle verhoudings met Nathalie*"

(2)

(2)

(2)

(1)

(3)

2.2 Waarom het Nathalie tannie Lettie vermy na die insident waarby Olivia betrokke was? (1)

2.3 Wie was eintlik verantwoordelik vir die aanranding op Olivia? (1)

2.4 Bobby is vals beskuldig en het Hoopvol verlaat. Beskryf in drie kort sinne wat daartoe gelei het dat Nathalie en Bobby mekaar misgeloop het. (3)

[15]

IEB Copyright © 2017

VRAAG 3

Beantwoord hierdie vraag in jou Antwoordboek. Skryf slegs Ben se woorde neer.

Opdrag:

Voltooi die gesprek tussen Ben en Helena. Skryf telkens slegs die karakter se woorde neer. Laat asseblief 'n reël oop tussen elke antwoord.

Op die plaas het Helena en Ben 'n goeie vriendskap ontwikkel. Een aand sit hulle en gesels.

3.1 Helena: Hoekom het jy Johannesburg verlaat? By wie kon jy gebly het indien jy nie Johannesburg verlaat het nie?

Ben : _____ (2)

3.2 Helena: Hoekom voel jy skuldig oor wat met jou ma en sussie gebeur het?

Ben : _____ (1)

3.3 Helena: By watter twee plekke het jou ma in Johannesburg gewerk?

Ben : _____ (2)

3.4 Helena: Wat het my pa jou vertel oor jou pa se dood?

Ben : _____ (1)

3.5 Helena: Hoe het jy uitgevind dat jou ma 'n huis aan jou nagelaat het?

Ben : _____ (2)

3.6 Helena: Wat is die naam van die gastehuis wat jy saam met my ma wil oopmaak?

Ben : _____ (1)

3.7 Helena: Wat is die simboliek van hierdie keuse?

Ben : _____ (1)

[10]

IEB Copyright © 2017

VRAAG 4

Ben se soeke na Bobby is meer as net 'n soektog na sy pa. Hy is ook op soek na homself en terwyl hy na Bobby gesoek het, het hy ook meer oor sy ma geleer.

Opdrag:

Skryf 'n opstel van tussen 250 en 350 woorde waarin jy die karakters van Bobby, Ben en Nathalie bespreek.

- Gebruik die ideekaart hieronder.
- Volg die pyltjies om jou antwoord te formuleer.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Jou opstel moet 'n inleiding en slot (slotsom) te hê.
- **Onthou om die woordtelling aan die einde neer te skryf, *bv. 295 woorde.***

① Wie was Bobby en Ben?

- Ben het uitgevind dat sy pa eens op 'n tyd 'n bynaam gehad het. Wat was sy bynaam en waarom het hy dit gekry? (2)
- Watter ooreenkomste bestaan daar tussen Bobby en Ben? Dink aan hulle voorkoms, persoonlikhede en lewenservaringe. (3)
- Waarom het Bobby in Noupoort beland? (1)
- Waarom dink jy het Bobby Hoopvol na die insident met Olivia verlaat? (1)

② Wie was Nathalie?

- Waarom, dink jy, wou Nathalie Hoopvol so graag na matriek verlaat het? Gee twee redes. (2)
- Gee 'n rede waarom sy dit nie gedoen het nie. (1)
- Waarom moes Nathalie Hoopvol uiteindelik verlaat? Gee twee redes. (2)
- Wat het Nathalie vir Ben in Hoopvol agtergelaat wat hom in sy toekoms kon help en hoe kon dit hom help? (2)

Die karakters Bobby, Ben en Nathalie

③ Watter soort mens het Ben geword? (2)

- Tydens Ben se soektog leer hy meer van sy ouers se lewens. Hoe het hierdie soektog Ben gehelp om as karakter te ontwikkel en vrede op Hoopvol te vind? (2)

Assessering: 4 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

[20]

60 punte

IEB Copyright © 2017

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy gedoen word.
3. Beplan jou antwoorde voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
4. Doen die beplanning van jou vraag op die bladsy aan die linkerkant.
5. Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan.
6. Skryf jou finale antwoord op die regterkantste bladsy van die antwoordboek.
7. Skryf die vraagnommer boaan jou finale antwoord.
8. Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag.

VOORBEELD:

BEPLANNING (linkerkantse bladsy) (Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie.)	**VRAAG 9** (regterkantse bladsy) (bv. 206 woorde)

LET WEL:

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- kennis van die vereistes van die spesifieke skryftaak
- interpretasie van die opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- taalgebruik
- beplanning

IEB Copyright © 2017

VRAAG 5 E-POS

Situasie:

Televisieprogramme oor realiteit en werklikheid soos *Idols* en *The Voice* is op die oomblik baie gewild. Jy het 'n oorspronklike idee vir 'n program in dieselfde genre.

Jy besluit om 'n e-pos aan kykNET, 'n kanaal op DSTV, te stuur om hulle van jou idee te vertel.

In die e-pos wil jy aan hulle besonderhede gee oor die program:

- **die naam van die program**
- **hoe hierdie program sal werk**
- **wat uniek/interessant aan hierdie program is**
- **hoekom jy dink die program suksesvol sal wees**

Opdrag:

Die inhoud van die e-pos moet tussen 150 en 250 woorde lank wees.

Jy kan die volgende struktuur gebruik:

Aan	**kyknet@dstv.co.za**
Van	
Onderwerp	
Boodskap	

Onthou:

- *Skryf die getal woorde neer (bv. 195 woorde).*
- *Skryf die woordtelling aan die einde van die skryfstuk neer.*
- *Beplan jou skryfstuk voordat jy dit neerskryf.*

[30]

IEB Copyright © 2017

VRAAG 6 DAGBOEKINSKRYWING

Situasie:

Op skool maak jy baie vriende en hulle beïnvloed jou lewe. Jy skryf gereeld in jou dagboek. Dit is die 31ste Desember en jy skryf jou gedagtes neer oor een of twee spesifieke vriende wat jou lewe positief beïnvloed het.

Opdrag:

Maak 'n dagboekinskrywing op die 31ste Desember met die titel:

Dankie aan my vriend wat 2016 wonderlik gemaak het

Skryf oor die volgende aspekte:

- Wat hierdie vriend gedoen het wat die jaar wonderlik gemaak het
- Hoe dit jou laat voel het
- Hoe jy die jaar sou ervaar het as dié vriend jou nie gehelp het nie

Die inhoud van jou dagboekinskrywing moet 60–120 woorde lank wees.

- *Beplan jou skryfstuk voordat jy dit neerskryf.*
- *Skryf die woordtelling aan die einde van die skryfstuk neer.*

[10]

40 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2017